
**Deur President Thomas S. Monson**



# Is Ons Voorbereid?

In die omgewing waar ek eers gewoon en gedien het, het die Kerk ꞌn pluimvee projek bedryf, beman hoofsaaklik deur vrywilligers van die plaaslike wyk. Meeste van die tyd was dit ꞌn doeltreffende bedrewe projek, wie duisende vars eiers en honderde ponde skoon gemaakte en voorbereide pluimvee aan die biskoppe se stoorhuise gelewer het. Op sekere tye is dit moeilik om ‘n vrywillige stads boer te wees, en beteken dit nie net blase op die hande nie, maar ook fustrasie van die hart en verstand.

Byvoorbeeld, ek sal altyd die keer onthou, toe ons die Aäroniese Priesterskap jong manne bymekaar gebring het om die projek ‘n goeie skoon maak te gee. Ons entoesiastiese en energieke groep het byeengekom by die projek en het in ꞌn spoedige wyse die onkruid en rommel ontwortel, vergader en in groot hoeveelhede verbrand. Deur die lig van die gloeiende vreugdevure het ons worsbroodjies geëet en onself geluk gewens met ꞌn werk goed gedoen.

Ongelukkig was daar egter een ramspoedige probleem. Die geraas en die vure het die tingerige bevolking van 5,000 lê-henne so versteur, dat die meeste van hulle ewe skielik begin ‘molt’ het en opgehou lê het. Daarna het ons maar met van die onkruid saam geleef, sodat ons steeds meer eiers kon produseer.

Geen lid van die Kerk, wie ooit iemand in nood gehelp het nie, kan ooit die ondervinding vergeet of berou nie. Bedryf, spaarsaamheid, selfstandigheid en mededeelsaamheid, is nie nuut vir ons nie.

Ons moet onthou dat die beste stoorhuis stelsel is, wanneer elke gesin in die Kerk, hulle eie voorraad van kos en klere het, en waar nodig, ander benodighede van die lewe. Die Here se stoorhuis sluit in: die tyd, talente, vaardighede, deernis, ingewyde materiaal en finansiële middele, van getroue Kerk lede. Hierdie hulpbronne is beskikbaar vir die biskop om diegene in nood te help.

Ons moedig alle Heiliges van die Laaste Dae aan, om versigtig te wees in hul beplanning, om konserwatief te wees in hulle handelinge in die lewe en om oormatige of onnodige skuld te vermy. Baie meer mense sou die stormagtige golwe in hul ekonomiese lewens kon uitry, indien hulle ꞌn voorraad van kos en klere gehad het, en skuld-vry was. Vandag vind ons dat baie mense hierdie raad, omgekeerd volg: hulle het ꞌn voorraad van skuld en het geen kos voorrade nie.

Ek herhaal wat die Eerste Presidensie ꞌn paar jaar gelede verklaar het:

“Heiliges van die Laaste Dae is reeds vir baie jare aangesê om vir nood voor te berei, deur a bietjie geld tersyde te sit. Sodoende vind ons onmeetbare sekuriteit en welstand. Elke gesin het die verantwoordelikheid om so ver as moontlik, vir hul eie behoeftes te voorsien.

“Ons moedig julle aan, waar ook al julle in die wêreld mag woon, om voor te berei vir die nood, deur te kyk na die toestand van julle finansies. Ons moedig julle aan, om beskeie te wees met julle uitgawes; dissiplineer julle self in julle aankope, om skuld te vermy. Betaal skuld so gou as moontlik af en bevry julself van daardie gevangenskap. Spaar gereeld ꞌn bietjie geld, om sodoende julle finansiële reserwe geleidelik op te bou.”[1]

Is ons voorbereid vir die noodgevalle in ons lewens? Is ons vaardighede volmaak? Leef ons spaarsaam? Het ons ons reserwe voorraad op hande? Is ons gehoorsaam aan die geboeie van God? Is ons besig om op die leringe van die profete te reageer? Is ons bereid om ons van ons voorade aan die armes en die behoeftiges te gee? Is ons reg met die Here?

Ons leef in omstuimige tye. Dikwels is die toekoms onbekend; daarvoor betaam dit ons, om vir onsekerhede, voor te berei. Wanneer die tyd vir besluite aanbreek, is die tyd vir voorbereiding reeds verby.

**NOTA**

1. Die Eerste Presidensie, *Alles Is Veilig Ingesamel: Familie Finansies* (pamflet, 2007).

---

### LERINGE UIT HIERDIE BOODSKAP

Oorweeg die behoeftes van diegene wie jy besoek, dink aan maniere hoe jy hulle kan help om meer selfstandig te word in hulle werksgeleenthede en hulle finansies, hulle kos voorrade, of nood voorbereidinge. Dink aan 'n bekwaamheid wat jy met hulle kan deel, soos om tuin te maak of hoe om geld te bestuur, wat hulle sal help om President Monson se raad te kan volg.

## JEUG

## Ek het Weer Gedien

**Deur Jaíne Araújo**

Een dag, ter afsluiting van 'n diens projek, het ek verby ons vergadersaal gestap en twee susters gesien wie besig was om die gebou skoon te maak. My woorde het eenvoudig uitgekom: "Susters, het julle hulp nodig?" Een van hulle het vir my geglimlag en gesê dat ek net betyds gekom het, omdat hulle die enigstes was wat kom skoonmaak het, en dat hulle nou reeds baie moeg was. Sy het gesê dat sy gebid het, sodat die Here iemand sou stuur om te kom help. Ek was baie gelukkig om 'n antwoord op haar gebed te wees. Ek het sopas my eie diens aan iemand voltooi en was ook moeg, maar ek het my hart gevolg en meer diens geoffer.

Dit is 'n gebod om met vreugde te werk (sien L&V 24:7). Wanneer ons die begeerte het om ten alle tye te dien, kan ons help om wonderwerke in ander mense se lewens teweeg te bring. Ons lewens het meer betekenis, soos ons andere dien. Die Here het ons regtig lief, Hy help elkeen van Sy kinders en Hy sal ons die krag gee om andere te dien.

*Die skrywer woon in Rio Grande do Norte, Brazil*

## KINDERS

## Is Jy Voorbereid?

Antwoorde: Waar, Waar, Onwaar, Waar, Onwaar

President Monson het elkeen van ons gevra om voor te berei vir swaar tye, en om ander te help gedurende hulle beproewinge. Neem hierdie waar-of-onwaar raaisel om te sien of jy gereed is!

Ek kan altyd iemand vind om te help.
Waar ☐ Onwaar ☐

Ek kan dankbaar wees vir alles wat ek alreeds het.
Waar ☐ Onwaar ☐

Ek het geen talente om met andere te deel nie.
Waar ☐ Onwaar ☐

Om geld te spaar vir later, is 'n goeie idee.
Waar ☐ Onwaar ☐

Ek het nuwe speelgoed en klere nodig, om gelukkig te wees, Waar ☐ Onwaar ☐

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14
Vertaling van *First Presidency Message, September 2014*. Afrikaans. 10869 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Vertrooster

**Geloof, Familie, Verligting**

*Met gebed, bestudeer hierdie materiaal en streef daarna om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na reliefsociety.lds.org*

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Jesus Christus het belowe, "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie: Ek kom weer na julle toe" (Johannes 14:18). Hy sal ons gee "sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid" (Jesaja 61:3). Omdat Christus die Versoening vir elkeen van ons verduur het, sal Hy ons nie vergeet nie. Linda S. Reeves, tweede raadgewer in die algemene presidentskap van die Vroue Vereniging het gesë: "Ons Verlosser het op Homself . . . ons pyn en ons leiding en verdrukking geneem, sodat Hy kon weet wat ons voel en hoe om ons te vertroos."[1]

Om te weet dat Christus ons sal vertroos, kan aan ons vrede bring en ons inspireer om Sy voorbeeld te volg, deur andere te dien. President Thomas S. Monson het gesê: "Ons kennis van die evangelie en ons liefde vir ons Hemelse Vader en vir ons Verlossser, sal ons vertroos en ons ondersteun en vreugde aan ons harte bring, soos wat ons opreg lewe en die geboeie onderhou. Daar is niks in hierdie wêreld wat ons kan vernietig nie."[2]

### *Uit die Skrifture*

Johannes 14:18, 23; Alma 7:11–13; Leer en Verbonde 101:14–16

### *Uit Ons Geskiedenis*

Elaine L. Jack, die 12de algemene president van die Vroue Vereniging, het gesê: "Deur vroue besoek, reik ons uit na mekaar. Hande praat dikwels waar stemme nie kan nie. 'n Warm omhelsing spreek volumes. Om saam te lag, verenig ons. 'n Oomblik van deel, verfris ons siele. Ons kan nie altyd die las van een wat bedroef is, lig nie, maar ons kan haar lig, sodat sy dit goed kan dra."[3]

Ons pionier Vroue Vereniging susters "het geestelike krag in mekaar se liefde en deernis gevind. . . . Soos hulle beproewinge van siektes en dood verduur het, het hulle in geloof, vir mekaar gebid en mekaar vertroos. 'Die liefde van God het van hart na hart gevloei,' het Helen Mar Witney geskryf, 'tot dat die bose een magteloos geblyk het in sy poging om tussen ons en die Here te kom, en sy wrede pyle, in sommige gevalle het hulle skerp punte verloor."[4]

**NOTAS**

1. Linda S. Reeves, "Die Here Het Jou Nie Vergeet Nie," *Ensign* of *Liahona,* Nov. 2012, 120.
2. Thomas S. Monson, "Wees Van Goeie Moed," *Ensign* of *Liahona,* Mei 2009, 92.
3. Elaine L. Jack, in *Dogters in My Koningkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Vroue Vereniging* (2011), 119.
4. *Dogters in My Koninkryk,* 34.

### *Ter Oorweeging*

Hoe bring dit aan jou vertroosting, om te verstaan dat die Here jou onthou?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14
Vertaling van *Visiting Teaching Message, September 2014.* Afrikaans. 10869 501